DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug;
want sonder My kan julle niks doen nie. *Johannes 15:5*

9 September 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 27: 1, 3	Sing vooraf	Sb. 9-2: 1, 6, 9 (58)
Sing	Ps. 48: 1, 4	Sing	Ps. 149: 1, 2
	Ps. 119: 1, 2		Ps. 128: 1, 2
	Ps. 27: 4, 6		Ps. 127: 1, 2
	Ps. 142: 1, 2, 5, 6		
Skriflesing	Matteus 6:1-18	Skriflesing	Efesiërs 5:15-32 HK Sondag 41 Sondag 108
Teks	Matteus 6:5-8	Teks	Efesiërs 5:22-24
Tema	**Die gelowige bid om God te soek en Hom te aanbid**	Tema	**'n Gelowige vrou leef kuis en ingetoë met haar eie man**
Katkisasie-opening: Psalm 59: 1			

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BASAAR

Ons benodig nog **koördineerders** vir die **lekkergoed en kerrie-en-rys stalletjies**. Kontak asseblief vir sr. Willina Cilliers (082 738 1809) indien jy kan help.

Donasies vir die basaar kan in die konsistorie geplaas word. Geldelike donasies kan u in ‘n gemerkte koevert in die Kassiere kissie plaas of per EFT na die kerk se bankrekening oorbetaal met die verwysing Basaar. Baie dankie vir die vele skenkings wat ons reeds ontvang het!

Ons versoek vriendelik dat u asseblief nie vooraf van die geskenkde items sal neem of koop nie. Kom gerus vroeg op Basaar-dag en verseker so dat u die item kan aanskaf!

Borg ‘n Bybel

Ons is dringend op soek na 'n **industriële lemoenversapper** om by die basaar te gebruik vir die verkoop van vars lemoensap. Indien u dalk kontakte het waar ons een kan leen of selfs kan aankoop teen 'n billike prys, sal ons die hulp baie waardeer. Kontakpersoon: sr. Lizette Opperman (082 580 4481)

Koek-en-gebak
Aandag alle bobaas bakkers: *Groot koeke, klein koeke, melktert en muffins. Brode, beskuit koeksisters in sakkies. Dadelballetjies, sjokoladeballetjies en souttertjies in bakkies. Vir Rea kan julle bel, sodat sy haar nie kwel.* Kontakpersoon: sr. Rea Costerus (073 218 7973)

BYBELSTUDIE
Bellville: Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie. Volgende week sal daar geen bybelstudie wees nie, vanweë die Klassis Boland sitting
Bybelstudie vir mamma's: Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving - 083 642 0611)

GEMEENTEKALENDER 2019
Alle datums vir 2019 moet asseblief teen **volgende Sondag** by die kerkkantoor op die proef-kalender aangeteken word.

GEMEENTEKAMP
Ons gemeentekamp vind DV plaas by **Mizpah** (naby Grabouw) van **Vrydag, 28 September tot Sondag, 30 September**. Alle maaltye word voorsien, slaapplek is in huisies met 'n badkamer en gesinne betaal slegs vir volwassenes en die oudste 2 kinders. **Inskrywings sluit vandag** – skryf dus asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal indien u die kamp wil bywoon. Betalings kan per EFT met die verwysing KAMP+naam gedoen word of plaas kontant in 'n gemerkte koevert in die Kassiere kissie.
Kontakpersoon: br. Jaco Cilliers (076 955 1641) of sr. Willina Cilliers (082 738 1809)

Koste:		
	Volwassene	R350
	Kinders 6-16 jaar	R200
	Kinders 2-6 jaar	R50
	Kinders onder 2 jaar kom gratis	

GKSA NUUSBROKKIES
Ons ontvang weekliks nuusbrokkies vanaf die Admin Buro met inligting en gebeure van al die gemeentes in die GKSA. Indien u sou belang stel om dit ook per e-pos te ontvang, skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal. Daar is voorbeelde aangebring vir u insae.

KIERIEKLUB
Die Kierieklub beplan om op DV **Saterdag, 22 September** by **Paarlberg** te gaan stap en dan saam piekniek te hou. Alle lidmate is hartlik welkom – ook dié wat nie wil stap nie, maar net wil inskakel vir die geselligheid. Daar is meer besonderhede op die kennisgewingbord in die teedrink-lokaal. Kontakpersoon: br. Willem de Haan (071 316 2479)

KLIPPIES
Alle laerskool kinders is welkom om **Vrydag vanaf 18h00 tot 20h00** op die kerkterrein bymekaar te kom. Kontakpersoon: sr. Debbie Daling (083 293 3949).

LEWENDE STENE & ROTSE
Die hoërskool leerders en studente kom DV volgende Sondag vanaf 19h45 tot 21h00 bymekaar in ons kerkhuis. Die tema vir bespreking is "Vrae wat pla".
Kontakpersoon: sr. Carolien Meijering (083 441 2059)

MEELEWING
Br. Berend Meijering (083 291 7603) se suster - Truus Meijering (lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk) - is die afgelope week oorlede. Ons innige meegevoel met hom, sr. Jacqueline (071 816 4588), hul kinders en die res van haar geliefdes. Mag die Here u ryklik vertroos! Die begrafnis het reeds Donderdag plaasgevind.

OMGEWINGSAKE

Vullis is nie maar net ‘n gemors wat in die niet deur ‘n proses van natuurlike ontbinding sal verdwyn nie. Die opkoms en sukses van die plastiekbedryf - veral om sogenaamd die druk op die natuurlike te verlig - het nou na ‘n skrale paar dekades die ommekeer bereik. As ‘n grootse besoedelaar van ons see- en landomgewings, word tans net 10% van dié eens so welkome lewensverryker herwin. ‘n Afval wat dus net bly vervuil en kwalik as ‘n hulpbron verwerk kan word. Elkeen van ons moet dus plastiekgebruik tot die minimum beperk en deelneem aan aksies om te herstel wat verkeerd gegaan het. Dit is ‘n magtige slang wat ons omgewing in sy kronkels beet het.

Die Here sê toe vir Moses: “Steek jou hand uit en gryp hom aan sy stert“ ***Eksodus 4:4***

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Eerskomende Saterdag is die maandelikse Skiereiland vir Christus-aksie by Laerskool De Waveren in Ruyterwacht. Ons nooi dan ook die kinders en hul ouers na ons erediens die volgende dag. Ons verskaf aan hulle vervoer, woon saam die erediens by en eet dan saam middag-ete.

Ons wil hiermee die gemeente nooi om, soos met Nagmaal-etes, saam te kom kuier en eet. Almal is hartlik welkom! Kontakpersoon: sr. Elré Gerber (083 561 6607)

VGK-KOOR

Die Vrye Gereformeerde Kerk nooi alle belangstellendes graag uit om saam te sing in die koor later vanjaar. Die datums word nou al bekend gemaak, met die hoop dat daar sommer baie mense sal kom om mooi musiek te maak tot eer van God. Die datums is ook aangebring by die deure. Kontakpersoon: Carike Byker (carikebyker@gmail.com)

Kerssangaand: Dinsdag, 11 Desember om 19h00

Koor-oefeninge (19h15 – 21h00): Dinsdae 16 Oktober en 30 Oktober tot 4 Desember, Vrydag 7 Desember

3. SUSTERS

EMBLEEM VIR DIE SUSTERS

Die keuse van ‘n embleem het op ‘n staking van stemme geëindig. Die bestuur het dit goed-gedink om weer ‘n uitnodiging te rig aan alle lidmate om jul ontwerp(e) vir ‘n embleem voor te lê. Die tema: **Omgee**, gebaseer op Johannes 14:20-21: “... weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle. ... en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.” **Die sluitingsdatum is eerskomende Woensdag**. Gee die ontwerpe asseblief ná die oggenderediens aan srs. Judy Venter of Deléne Vrey of stuur dit per e-pos aan judy.venter@mweb.co.za

KOMBUIS

Daar is heelwat breekware en ander items in die kombuis wat al ‘n geruime tyd daar staan. Alle items wat nie binnekort opgeëis word nie, sal aan die basaar geskenk word. Gaan kyk asseblief of daar van jou besittings is!

Verder doen ons ‘n beroep op u om asseblief die breekware, linne en ander toerusting wat u gebruik het, weer skoon en netjies terug te pak in die kaste. Die kombuis komitee het hard gewerk om die kombuis en kaste so mooi uit te sorteer en ons wil dit graag so hou!

TEESKINKBEURTE

Vandag: Srs. **Geertje Groenewald**, Adeline Eiberg, Jeany Groenewald, Alma Mulder, Suanné Mulder, Sophia Thiart, Miems van Heerden, Tillie Wüst

Volgende Sondag: Srs. **Lidia Juyn**, Hester Briel, Susann du Plessis, Francis Eiberg, Anna-Marie Joubert, Mariëtte Lombard, Marie Mulder, Yolandé Myburgh

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Pieter van Niekerk, Paul Swart, Herman Boneschans, **Jaco Coetsee**
Volgende week: Brs. Mannes Nijeboer, Riaan Janse van Rensburg, Chrisjan Vrey, Martin van der Walt

Ouderlinge

Vandag: Brs. Ruhan Coetzee, Llen Labuschagne, Willem de Haan, Daan Joubert
Volgende week: Brs. André Coetzee, Freddie Scheepers, Niël van Hoving, Guillaume Gerber

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. Piet Aucamp, Albert Mulder
Volgende week: Brs. Wilhelm Groenewald, Tommie Venter

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	Kas vir Blindes en Dowes
By die deure:	Instandhouding van eiendomme	Ekumenisiteit

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

September: 17/09 Goedemoed
Oktober: 15/10 Chrismar, 29/10 Langeberg Ridge
November: 12/11 Brackenfell 1, 26/11 Table View

VERGADERINGS

Skiereiland vir Christus
Vanaand na die erediens in die kerkgebou

Finansiële Kommissie
Maandag om 18h00 in die konsistorie

Basaarbestuur
Volgende Sondag na die aanderediens in die konsistorie

5. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. ‘n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Ons wil graag ook spesiaal vir **br. Henri Liebenberg** gelukwens met sy **82ste** verjaarsdag!

10/09	Sr. Jacqueline Meijering	021 910 1990 / 071 816 4588
11/09	Br. André Coetzee	021 976 8348 / 072 412 4588
13/09	Br. Henri Liebenberg	021 558 5701 / 082 921 5429
14/09	Sr. Annamarie Hannabus	021 557 3735 / 071 869 2383
15/09	Br. Johan Snyman	071 603 8339

... God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredinge, saam met Christus lewend gemaak.
Uit genade is julle gered! *Efesiërs 2:4-5*

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag** om **16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za